SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting
South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use

(SI03) 50M PRESISIE RANDSLAG GEWEER (NRA UK EVENT 0301)

SPORTSKIETOEFENINGE DIEN AS VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN KWALIFISEER NIE VIR DIE GROOT 5 TOEKENNING NIE

1) Inleiding

Die 50m Presisie is 'n amptelike "Gallery Rifle" sportskiet kompetisie, wat om 50m uit die staande posisie sonder ondersteuning geskiet word. Vir hierdie dissipline word 'n randslag geweer gebruik. Randslag wapens van enige aksie mag gebruik word. Lede met hierdie wapens kan aan die Vereniging se georganiseerde sportskiet aktiwiteite deelneem. Die posliga-uitdaagskiet bied die geleentheid aan individue en takke om individueel of in spanverband deel te neem.

Die doel van die posliga-skietoefening is sodat lede hulle sportskietvaardighede kan verbeter. Lede is nie beperk tot een inskrywing per siklus nie. Die gewone skietoefenings se reëls is ook van toepassing op die posliga, naamlik dat slegs die eerste poging vir die dag die kwalifiserende punt verteenwoordig. Deelname aan die posliga word erken as 'n toegewyde aktiwiteit. 'n Span bestaan uit vyf skuts. Vir kompetisiedoeleindes sal die beste vier tellings in aanmerking kom. Lede kan by enige tak van die SAJWV aan die liga deelneem. Slegs die top skuts en spanne sal na die finale byeenkoms genooi word.

Kwalifiserende skuts wat aan die posliga deelgeneem het sal aan die einde van die posliga-jaar aan die nasionale sportskietkampioenskap kan deelneem waar skuts skouer teen skouer kan meeding om die jaar se kampioene te bepaal. Die posliga ranglys word gebruik om te bepaal watter skuts na die nasionale kampioenskap genooi sal word. Die posliga strek vanaf 1 Januarie tot 31 Oktober elke jaar. Die finale byeenkoms vind in November/Desember plaas. Die kapasiteit van die fasiliteit waar hierdie byeenkoms gehou sal word, bepaal hoeveel individuele skuts en spanne na die finaal genooi kan word.

2) Afstand

50m

3) Skietbaanveiligheidsreëls en standaardbevele

Sien "Skietbaanveiligheidsreëls vir deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

4) Visiere of teleskope

Onbeperk

5) Unieke veiligheidsmaatreëls

Geen

6) Vuurwapentipe

Randslag Gewere. Aksie tipes onbeperk

7) Oefening

Randslag

Afstand:	50m
Tyd:	45 minute per 30 rondtes.
Skietposisie:	Staande sonder ondersteuning of hulpmiddels.
Aantal rondtes:	30 Tel skote

Totaal 30 rondtes of 300 punte [3x SP1 Teikens, 10 skote per teiken. 3 x 10 {30 skote x 10} = 300]

8) Erkenning

60% Brons 180+ 70% Silwer 210+ 80% Goud 240+
Die maksimum telling wat behaal kan word, is 300. Deelname is onbeperk
[Spanne of individuele skuts mag meer as een keer inskryf]

9) Telling administrasie

'n Erkende SAJWV skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na hoofkantoor se databasis versend. Kwalifiserende skuts in die sportskietoefening kan lap-wapens by die skietverteenwoordiger aanvra.

10) <u>Verkykers "Spotting Scopes"</u>

Skut mag verkykers en "spotting scopes" gebruik om skootplasing vas te stel.

11) <u>Teiken</u>

Die teiken wat gebruik word, is die **"S01"** wat by die nasionale kantoor beskikbaar is.
[**<u>Swart kol gedruk op karton van presies 59cm x 59cm</u>**]